

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-1:1, 2 (31:1, 2)**

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,  
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.  
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.  
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
- 2 Die kled vol bloed vertel sy roem. / Die Naam waarmee sy volk Hom noem,  
is "Woord van God". 'n Skare / van ruiters volg Hom op die voet,  
hul nader soos 'n watervloed, / soos bruising van die bare.  
'n Hemelleër, skitterwit, / hul is dit wat in streng gelid / saam met Hom uitgetrek het.  
En uit sy mond het uitgegaan / 'n swaard waarmee Hy nasies slaan / wat, trots sy toorn gewek het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 66:1, 7 (p. 320)**

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!  
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.  
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

## **Gebed**

### **Psalm 73:1, 7 (p. 366)**

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.  
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.  
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed  
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.
- 7 Maar nou, hoe anders is dit my! / Gods heiligdomme ingelei,  
straal my 'n ander ligglans teë; / ek sien hul end . . . dis gladde weë  
waarop die HEER die voet laat gaan / van boosaards wat Hom trots weerstaan.  
Hul wankel al om neer te stort – / 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

**Skriflesing:** Genesis 6:14-22; Hebreërs 11:7

**Kernverse:** Genesis 6:22

**Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.**  
(Genesis 6:22 AFR83)

**Tema:** Doen alles wat die Here jou beveel!

Broers, susters en kinders in ons Here Jesus Christus, ons mense het baie maal 'n idealistiese siening van die mense van wie ons in die Bybel lees, so asof hulle dit beter gehad het as wat ons dit vandag het. Wanneer ons hoor dat Noag presies gedoen het soos wat God hom beveel het, klink dit vir ons so maklik, so asof Noag geen teenkating beleef het nie.

Wanneer ons hoor wat die Here alles vir ons beveel, hark ons die een verskoning na die ander nader oor hoekom ons nie presies kan doen wat die Here ons beveel nie. Ons laat so maklik toe dat ons omstandighede en ons eie sondige begeertes die botoon voer in ons lewe. En dan sê ons vinnig dit

is hieroor en hieroor en hieroor dat ons nie presies kan doen wat die Here ons beveel nie. Ons omstandighede is net heeltemal anders as wat Noag beleef het. Maar is dit regtig so?

Kom ons slaan nou net eers die omstandighede oor waarin ons vandag lewe en luister wat sê Jesus oor die dag wanneer Hy weer sal kom. Hy sê:

**Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms van die Seun van die mens. In daardie dae voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Hulle het nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom het en hulle almal weggesleur het. Net so sal dit gaan by die koms van die Seun van die mens. (Matteus 24:37-39 AFR83)**

Die mensdom se lewe verskil dus nie. Soos wat dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die dae voor die wederkoms van Jesus. En soos die lewe van die mensdom in die dae van Noag was, is dit vandag ook. Die mens, vasgevang in sy sondige geaardheid, wil nie erken dat God bestaan nie. Of as hulle ten minste daarby uitkom om te erken dat God bestaan, sê hulle dat Hy nie gepla is oor wat op die aarde gebeur nie. Hy meng Hom nie in met die doen en late van die mens nie.

Ons kan dus nie ons omstandighede voorhou as die rede waarom ons nie ook presies kan doen wat die Here ons beveel nie. En nou gaan ons dadelik vra: Maar hoe gaan ons dit regkry om presies te doen wat die Here ons beveel? Die Heilige Gees wil ons juis met hierdie Skrifgedeelte lei dat ons ook die Here presies kan gehoorsaam.

Geliefdes, wat het Noag gesien toe die Here vir hom gesê het om die ark te bou? Hy het gesien die mense gaan rustig met hulle lewe voort. Hulle het geplant en gebou, geëet en gedrink en getrou. Die ganse mensdom rondom Noag het rustig voortgegaan met hulle lewe asof niks verkeerd is nie. Ons lees nie dat daar skielik donker onweerswolke in die lug verskyn het nie. Ons lees nêrens tot hier van reën in die Bybel nie. Noag het waarskynlik nog nooit sulke reën gesien waarvan die Here hier praat nie – reën wat die hele aarde oorstrom. Wat het Noag gehoor toe hy met geloof en gehoorsaamheid die Here se verbond met hom aanvaar het? Die mense rondom Noag het hom en sy gesin uitgelag en met hulle gespot: Kyk net na Noag die dwaas. Hy bou 'n houtkis op droë grond en gaan kruip daarin weg.

Wat sien jy rondom jou met wie die Here sy verbond bevestig het? Jy sien die benoudheid van jou lewe raak. Jy sien die dinge wat dreig om jou onder te kry. Jy sien hoe baie mense sonder God en sonder geloof in Christus rustig voortlewe. Dit lyk asof niks op hierdie aarde hulle kan kwel nie. Jy begin ook worstel en vra jouself af: Is dit werklik sinvol om nog te glo en in die kerk van die Here te hoort? Wat hoor jy vir wie die Here gesê het: Ek is jou God en jy en jou kinders moet my volk wees? Jy hoor hoe al meer mense al harder die kerk ook sien as 'n houtkis op droë grond waarin die Christene wegkruip. Jy hoor hoe die kerk uitgelag en bespot word: Wat kan so 'n klein klompie mense tog in hierdie wêreld uitrig?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Heilige Gees wil ons nou by hierdie nabetraging bemoedig en versterk. Hy sê:

**Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het. (Genesis 6:22 AFR83)**

Ja, Noag het ook geworstel in die geloof. Hy en sy gesin kon ook gevra het: Kan daar werklik so 'n groot oorstroming kom dat alles en almal wegsterf? Kan 'n logge ark van hout regtig tot ons behoudenis wees? Maar uiteindelik het die geloof in Noag oorwin. Die Here het sy verbond met Noag gesluit. Die Here het Homself aan Noag en sy gesin verbind en laat duidelik word: Ek, die Here jou God, is verantwoordelik vir jou en jou gesin se lewe. Ek staan vir julle lewe in. Gaan dan nou in die ark in, jy en jou seuns, jou vrou en jou skoondogters.

Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het. Noag se arkbou en sy en sy gesin se ingaan in die ark in was 'n geloofsaad. Toe daar nog geen aanduiding van 'n sondvloed was nie, het hy God eerbiedig gehoorsaam. Geloof is om seker te wees van die dinge wat nie gesien kan word nie. Noag-hulle kon nog nie eers die wolke sien nie, wat nog te sê sien hoe hulle in die lewe sou kon bly in hierdie logge ark wat hy moet bou. Maar omdat die Here die geloof deur sy Gees in hom gewerk het en omdat die Here sy verbond met hom gesluit het, het hy alles gedoen presies soos die Here hom beveel het. Noag het die genade wat die Here aan hom bewys herken vir wat dit werklik is – die genade van die Here is die geleentheid wat die Here daarstel om in 'n verhouding met Hom te lewe en om aan die Here se doel met die mens te voldoen. En Noag het gedeel in die erfenis wat die Here vir hom bestem het. Noag het 'n erfgenaam van die vrypraak geword. Die Here het sy lewe gespaar – sy lewe en die lewe van sy hele gesin. In sy geloof en gehoorsaamheid het hy die trou, liefde en genade van die Here beleef. Dit is hierdie selfde liefde, trou en genade wat Noag in die ewige heerlikheid van God ingebring het.

Broer, jy hoor dat jy die Here jou God moet liefhê met alles wat jy is en het; jy moet jou vrou liefhê soos Christus sy kerk liefhet; jy moet jou kinders in die vrese van die Here grootmaak; jy moet jou lewe lank dank aan God bewys en opreg voor Hom lewe; jy moet in liefde en in eensgesindheid lewe; maar jy weet ook van die dinge wat hard en aanhoudend teen jou skree en jou wil verhinder om so te lewe.

Suster, jy hoor dat jy die Here jou God met alles wat jy is en het moet liefhê; jy moet jou man eer en respekteer en dien soos die kerk Christus dien; jy moet jou kinders grootmaak sodat hulle ook die Here kan liefhê; jy moet in alles die wil van die Here doen; jy moet jou geloofsgenote en alle mense liefhê; maar jy weet ook van die dinge wat jou aanhoudend wil verhinder.

Kinders, julle hoor ook dat julle die Here julle God met alles wat julle is en het moet liefhê; julle moet aan julle ouers gehoorsaam wees en almal wat oor julle aangestel is eerbiedig; julle moet oral en altyd doen wat die Here wil; maar julle weet ook van die groepsdruk en alles wat julle van die Here en sy weg wil aftrek.

Maar luister weer wat die Here ons God vir ons almal sê: Ek is die Here jou God. Ek het my verbond met jou gesluit. Ek staan in vir jou lewe en by hierdie nagmaal het Ek dit weer vir jou gewys. My enigste Seun, Jesus Christus, se liggaam is vir jou gebreek soos wat jy gesien die brood gebreek is, en sy bloed is vir jou vergiet – sy bloed wat my verbond met jou beseël. Ek is jou en jou kinders se God. Daarom eis die Here ook nou van my en jou: Jy en jou kinders moet my volk wees. Jy en jou kinders moet lewe soos Ek wil hê, want Ek wil jou vir ewig by My hê.

Broers en susters, ons het na die tafel van die Here gekom. Ons het aan die Here gesê dat ons sy verbond met ons gelowig aanvaar. Ons het vir mekaar gesê dat ons in Jesus Christus ons Verlosser glo. Ons aanvaar egter nie net hier die Here se verbond met ons in die geloof nie. Ons gaan dit nou ook verder doen. Ons gaan nie meer vra: “Maar Here, hoe kan ek wat maar 'n swakke sondaar is dit regkry?” nie.

Met geloof en gehoorsaam gaan ons die Here se genade aan ons beantwoord, want sy genade is die geleentheid wat Hy aan elkeen ons gee om in 'n verhouding met Hom te lewe en te voldoen aan sy doel met ons as kinders van Hom. Ons gaan alles doen presies soos die Here ons beveel het. Al lyk dit vir myself asof ek nooit sal regkry om te doen wat die Here sê nie, al sê my man of vrou of kinders of vriende dat dit onmoontlik is om te doen wat die Here wil hê, al spot en lag die wêreld my uit, ek gaan met die geloof wat die Here my gee, doen wat Hy wil hê en wat Hy my beveel. Geloof is immers om seker te wees van dit wat ek nie kan sien nie. Maar ek is seker daarvan, want God het sy verbond ook met my gesluit en Hy het my ook vanoggend weer gewys hoe ernstig Hy is om my in die lewe te hou.

En geliefdes, die Here laat ons sy bevel nie maar op eie stoom doen nie. Die Heilige Gees het elkeen van ons met die liggaam en bloed van Christus gevoed en verkwik. En Christus en die Vader het sy Gees aan elkeen van ons gegee sodat ons met sy goddelike krag kan doen wat Hy ons beveel. Laat ons dan alles doen presies soos die Here ons beveel het. Laat ons nie weer die Here en die Heilige Gees bedroef nie. En wanneer ons presies doen wat die Here ons beveel, sal ons ook die liefde, trou en genade van die Here ervaar. Dit is hierdie selfde liefde, trou en genade van die Here wat ons in die ewige heerlikheid van God sal inbring waar ons saam met die Lam van God die bruilofs-maal sal geniet.

Geliefdes, as ons een woord moet noem om te sê wat die Here in hierdie Skrifgedeelte beklemtoon, sal ons beslis genade boaan kan noem – genade wat die Here aan Noag betoon het, maar ook die genade wat Hy aan al die ander bewoners van die aarde betoon het. Vir honderd en twintig jaar het Noag aan die ark gebou omdat hy met geloof en gehoorsaamheid op die Here se bevel gereageer het. Noag het seker nooit op 'n preekstoel gestaan nie, maar sy gehoorsaamheid aan die Here en sy antwoorde aan hulle wat gevra het, was sy manier om die Here se genade en regverdigheid te verkondig.

Die Here is inderdaad genadig en lankmoedig. Maar die Here se genade beteken beslis nie dat Hy nie gepla is oor wat op die aarde gebeur nie. Hoe nader die ark aan voltooiing gekom het, hoe nader het die dag gekom dat God sy oordeel oor die aarde sou voltrek. God se geregtigheid eis immers dat die sonde gestraf moet word. En wanneer die Here uiteindelik sy straf oor die sonde voltrek, gee die Heilige Gees nie vir ons 'n uitvoerige beskrywing van die angs en vrees wat die mense beetgepak het nie. Die Here verlustig Hom nooit in die oordeel wat Hy voltrek nie. Daar was ook nie patryspoorte in die ark sodat Noag die angs en geskreeu van die mense kon sien en hoor nie. Daarom mag niemand van ons wat deur die Here begenadig is ons verlekter in die straf wat op die sonde vir so baie mense wag nie. Mag die droefheid van die Here oor die sonde ook in ons harte opkom wanneer ons sien en hoor hoe mense die Here uittart oor sy genade wat hulle nie wil aangryp en glo nie.

Die Here openbaar sy onbeskryflike groot genade en sy regverdige oordeel. Maar die hoogtepunt van die Here se openbaring is sy verlossing. En as ons na die verlossing kyk wat die Here hier openbaar, sal ons twee dinge opmerk. Die verlossing wat die Here gee is beperk tot een manier. En die tweede is dat die verlossing wat die Here bewerk vir mense nie so indrukwekkend lyk nie.

Noag kry net een opdrag wanneer die Here met hom sy verbond sluit. Hy moet een ark bou met een deur en hy en sy vrou en sy seuns en skoondogters moet daar ingaan. Wanneer die Here sy verbond met ons bevestig, maak Hy dit aan ons duidelik dat daar net een manier is waarop Hy mense verlos – dit is deur sy geliefde Seun, Jesus Christus. Daar is nie baie verskillende paaie wat na God lei nie. Jesus Christus sê dit self:

**Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.** (Johannes 14:6 AFR83)

In die nagmaal het ons hemelse Vader ons weer daarop gewys dat Jesus Christus die enigste Naam is deur wie Hy mense wil verlos. Nog niemand van ons het al ooit ondervind dat die Here hom om die bos gelei het nie. Inteendeel, ons ondervind die vrede en vreugde dat ons skulde om Christus ontwil vergewe is. Hoekom sal die woorde van die Here oor die wederkoms van Jesus Christus en sy optrede as Regter dan nie die waarheid wees nie?

Ja, dit is so dat die verlossing wat die Here gee miskien nie in die oë van mense aanskoulik is nie. Die ark was nie 'n luukse passasierskip nie. Dit is 'n logge houtkis. Dit was donker daarbinne. Vir meer as 'n jaar was Noag-hulle binne in die ark. Ons Here Jesus het ook nie vir die mense na 'n held gelyk nie. Inteendeel, mense het Hom beskou as iemand wat deur God geslaan en gepynig word. Dit

was immers God se wil om Hom te verbrysel en pyn te laat ly, want sy lewe as skuldoffer is die betaling vir die sondes van baie.

Deur die werk van die Heilige Gees weet elkeen van ons wat nagmaal gevier het en gesien en gehoor het wat die Here vir ons in die nagmaal sê, dat Jesus Christus inderdaad die enigste Verlosser is al het mense hulle gesig van Hom af weggedraai. Die verlossing en genade van die Here is die waarheid. Daarom weet ons ook verseker dat die laaste oordeel wanneer Christus as Regter terugkom, ook die volle waarheid is.

Mag ons ter wille van die Here en sy liefde wat Hy vir ons het presies doen wat Hy ons beveel. Ons omstandighede verskil tog nie van wat Noag beleef het nie. En laat ons ter wille van die mense wat Hom nog nie ken nie en nie in Jesus glo nie, leef met die sekere wete dat die oordeel op pad is. Mag niemand ooit vir ons sê: Maar jy het nooit vir my gesê dat Jesus die enigste Verlosser is nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?  
Wie is op aarde<sup>en</sup>aan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?  
Geen gawe<sup>en</sup>of offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.  
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde<sup>en</sup>ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
19 Mei 2013